

**Dinsdag 10 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-28**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:23, 24**

**Die Heilige Gees waarborg jou verhouding met God**

Verhoudings gaan oor spontaneïteit en nie oor reëls hoe om teenoor mekaar te leef nie. In die tweede deel van die brief (hoofstukke 4-5) is daar 'n aantal voorskrifte, byvoorbeeld oor ons seksuele lewens, broederliefde, arbeid, opdragte oor die optrede binne verhoudings en nog meer. So is daar dwarsdeur die Bybel sulke voorskrifte en ons kan maklik die fout maak om te dink dat ons hierdie voorskrifte moet nakom om God se guns te wen.

Nagmaal herinner jou daaraan dat dit net Christus se soenver-dienste aan die kruis is wat jou verhouding met God herstel. Deur die Nagmaal versterk die Heilige Gees jou geloof om te glo dat dit vir jou waar is.

Ons hoor hier 'n lys “voorskrifte”, maar eintlik is dit nie voor-skrifte nie. Dit beskryf hoe die Christelike lewe lyk wat Christus met sy opstanding vir ons gegee het. In Paulus se gebed in 1 Tessalo-nisense 5:23 hoor jy hoe jy deel aan die hierdie nuwe lewe kry. Paulus bid dat jy na liggaam, siel en gees, dit wil sê die totaliteit van jou menswees, sal ervaar hoe God hierdie nuwe lewe vir jou 'n werklikheid maak. Dan hoor ons in vers 24 die vaste belofte dat God dit beslis sal laat gebeur.

Wanneer jy in 'n ware verhouding tot iemand staan, is jou optrede in daardie verhouding omdat jy dit wil doen. Dit is wat die Heilige Gees vir ons doen. Hy maak dit moontlik om aan God gehoorsaam te wees en dat jy dit doen omdat dit is wat jy van harte wil doen. Omhels hierdie nuwe lewe met die arms van jou geloof en moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie.

*Sing: Psalm 34-1:5*

*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*